

'SHARKVILLE' 'N TREFFER

Wêreld gons oor Mosselbaai se haaie

Talle rolprentmakers wil nou hierheen kom om hulle te verfilm

TISHA STEYN

Mosselbaai

Rolprentvervaardigers vanoor die hele wêreld stel daarin belang om die widdoodshaaie by Mosselbaai te kom verfilm.

"Die reaksie op *Sharkville*, 'n dokumentêre rolprent oor die widdoodshaaie in die baai, was oorweldigend," het mnr. Ryan Johnson, 'n wetenskaplike van die South African Marine Predator Lab (Sampla), gister gesê.

Die reaksie was só oorweldigend dat Johnson selfs sy e-posadres tydelik moes onttrek van webblaaie. "Rolprentvervaardigers vanoor die hele wêreld stel belang om nog rolprente hier te kom maak. Ons is besig om deur al die e-posse

te werk."

Johnson het pas teruggekeer van New York waar hy dié unieke fliek, wat onder meer vir die eerste keer wys dat die widdoodshaaie in die nag jag, gaan bemark het. Dit is verlede week die eerste keer op die National Geographic-televisiekanaal in die VSA uitgesaai.

Volgens Johnson was dit baie moeilik om dié dokumentêr te verfilm.

"Die Amerikaners wat *Sharkville* gesien het, kon nie glo iemand sal sonder 'n duikskop in die see spring om haaie op te spoor en te volg ter wille van navorsing nie.

"Hulle kon ook nie glo dat daar in Suid-Afrika, wat allerweê steeds as 'n ontwikkelende land beskou word, akademië is wat genoeg omgee om die voortbestaan van haaie te probeer verseker nie.

"Almal wat die fliek gesien het, wil nou Mosselbaai toe kom om te kom kyk



Mnr. Ryan Johnson

wat ons hier doen."

Volgens Johnson is die "*Jaws*-benadering" nog baie sterk in Amerika.

"Die widdoodshaaie word steeds beskou as 'n mensvreterhaai wat uitgewis moet word."

Ook in Suid-Afrikaanse waters het die widdoodshaaie op die randjie van uitwissing omge-

draai voordat wetgewing die vang van die haaie verbied het.

"Die mense wil kom kyk hoe ons hier met die haaie saamleef," het hy gesê.

Die laaste haai-aanval in die baai het sowat 20 jaar gelede voorgekom, ten spyte daarvan dat daar reeds sedert Desember, toe Sampla hierheen verskuif het, 50 individuele widdoodshaaie in die baai geïdentifiseer is.

Die dokumentêre rolprent van 52 minute word vanaand om 18:00 in die Diasmuseum vertoon. Kontak me. Lezanne Brits by ☎ 044 690 5799 vir meer besonderhede.